# Hoofstuk van die dag: 2 Korintiërs 12

*Daarom, sodat ek nie hoogmoedig sou wees nie, is daar vir my ’n doring in die vlees gegee, ’n boodskapper van Satan om my*

*met vuiste te slaan. (2 Kor 12:7)*

Die doring in Paulus se vlees is een van die mees besproke en gedebatteerde temas in die Nuwe Testament.
Daar is baie teorieë oor wat hierdie doring in sy vlees kon wees. Sommige geleerdes stel voor dat dit 'n fisieke siekte of kwaal was, soos swak sig, epilepsie, migraine of chroniese pyn. Ander dink dit kon 'n geestelike of emosionele kwessie wees, soos depressie, vervolging of aanhoudende teenstand van vyande (Jode).
Ons weet ongelukkig nie wat die presiese aard van die doring was nie. Wat ons egter hieruit kan leer, is dat Paulus, ten spyte van sy lyding, ontdek het dat God se krag juis in sy swakheid tot volle werking kom, en dat God se genade altyd genoeg is.
Baie van ons sukkel met een of ander chroniese toestand waarvan ons nie ontslae kan raak nie. Dit kan jou moeg en moedeloos maak, maar dit hoef nie! Kyk met nuwe oë na jou situasie en na die dinge wat jou konstant pla. Dalk is dit 'n manier waardeur God jou kan toerus en gebruik?


## Onlangse Bydraes

- Dawid, die skaapwagter
- Hoe moet ons dit verstaan? 23
- Eva, die vrou wat alles opgemors het
- Gebed ná die prediking
- Bybelkarakters – Adam

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede

© Bybelkoerant 2018 – 2026